# LAERSKOOL KENRIDGE TRUST

# PRE-GRAAD R & GRAAD R

# FINANSIËLE ONDERNEMING

Ek/Ons, die ondergetekende/s,

(Ouer/Voog) 1)_________________________________ID______________________________

(Ouer/Voog) 2)_________________________________ID______________________________

woonagtig te___________________________________________________________________
(gekose domicillium citandi et executandi)

in my/ons hoedanigheid as die wettige voog/de van ___________________________________
(hierna genoemd "die LEERDER")

onderneem hiermee ten gunste van die Laerskool Kenridge Trust, soos volg:

1. **FOOIE**

1.1 Ek/Ons onderneem om die verpligte fooie, soos vasgestel deur die Trustees van die Trust, in 10 (tien) gelyke maandelikse paaiemente, by wyse van 'n debietorder teen my/ons bankrekening, te betaal.

1.2 Ek/Ons onderneem gesamentlik en afsonderlik om die fooie te betaal en ek/ons begryp dat:

1.2.1 Die jaarlikse fooie sal deur die Trustees bepaal word.

1.2.2 Fooie is vooruitbetaalbaar en wel op die eerste skooldag van die jaar.

1.2.3 Ons terme is die volgende:

(a) Die volle bedrag kan in een bedrag aan die begin van die skooljaar betaal word, of

(b) Die fooie mag in tien maandelikse paaiemente betaal word.

1.2.4 Indien die fooie ten volle betaal word, voor of op 'n datum wat op die begrotingsvergardering bepaal word, sal 'n korting van die jaarlikse fooie afgetrek word, na goeddunke van die Trustees.

1.2.5 'n Eenmalige, nie terugbetaalbare, inskrywingsfooi van R500 moet hierdie ooreenkoms vergesel.

1.2.6 Ouers/Voogde is gesamentlik en/of afsonderlik aanspreeklik vir die betaling van die fooie, ongeag hul huwelikstatus en/of huweliksgoedere bedeling.

1.2.7 In die geval van wanbetaling van die fooie kan die Trust regsaksie teen beide ouers instel ongeag enige onderhoudsreëlings en/of hofbeslissings tussen die partye.

1.2.8 Indien ouers/voogde agterstallig is met een paaiement, word die volle bedrag onmiddellik opeisbaar en betaalbaar.

1.2.9 Indien betaling nie voor die 7de van 'n maand ontvang is nie, behou die Trust die reg voor om rente teen 2% p.m. op alle agterstallige rekeninge te hef.

1.2.10 Ek/ ons magtig die Trust en/of hulle agent om 'n kredietrekord verslag vanaf 'n kredietburo aan te vra indien nodig. Ek/ons magtig verder om my/ons krediet en persoonlike inligting aan die kredietburo deur te geen ten einde so 'n kredietrekord te bekom.

1.2.11 Ek/Ons gee toestemming dat die Trust my/ons persoonlike besonderhede alleenlik aan ander ouers/voogde, opvoeders of persone aan die Trust verwant, mag deurgee, behalwe as ons skriftelik magtiging gee vir die teendeel.

1.2.12 Indien u verskil van die maandelikse staat sal dit binne 48 uur skriftelike aan die Trust se rekenmeester/es deurgegee word.

1.3 Die eerste paaiement is betaalbaar op die eerste werksdag van Februarie van die jaar waarin die Leerder die skool bywoon en daarna op die eerste werksdag van elke daaropvolgende maand, met die laaste paaiement betaalbaar teen die eerste werksdag van November van die betrokke jaar.

1.4 Die Trustees sal geregtig wees om die additionele bedrae, sowel as die termyn van betaling, te verander op voorwaarde dat ek/ons skriftelik daarvan in kennis gestel word.

2. **SPYSKAARTAKTIWITEITE**

2.1 Ek/Ons onderneem om die fooie, soos van tyd tot tyd deur die Trustees bepaal, aan die TRUST te betaal ten opsigte van spyskaartaktiwiteite waaraan die Leerder deelneem.

2.2 Ek/Ons verklaar en erken hiermee dat 'n rekeningstaat deur die Trustees as bewys sal dien van die aktiwiteite waaraan die Leerder gekies het om deel te neem gedurende 'n spesifieke kwartaal/seisoen en van die bedrag deur my/ons verskuldig in terme van die spyskaart en kostevorm, onderhewig daaraan, dat ek/ons geregtig sal wees om binne 7 (sewe) dae na ontvangs van die rekeningstaat, skriftelik daarteen beswaar kan maak, welke beswaar per hand oorhandig sal word aan die verteenwoordiger van die TRUST wat in beheer is van daardie aktiwiteit.

2.3 Ek/Ons onderneem om die fooie by wyse van 'n maandelikse debietorder teen my/ons bankrekening te betaal, op voorwaarde dat indien die Leerder betrokke raak by 'n aktiwiteit gedurende die loop van die skoolkwartaal/seisoen, betaling pro rata bereken sal word, vanaf die datum van betrokkenheid by die aktiwiteit, tot en met die einde van die betrokke skoolkwartaal/seisoen.

3. **ALGEMEEN**

3.1 Ingeval van 'n verhoging van die fooie, waarna verwys word in paragrawe 1 en 2 onderskeidelik, magtig ek/ons hiermee die Trust om my/ons debietorder dienooreenkomstig aan te pas, op voorwaarde dat die Trust my/ons skriftelik in kennis stel van hul voorneme om so 'n aanpassing te maak.

3.2 Indien ek/ons sou versuim om enige paaiement met betrekking tot die fooie waarna verwys word in paragrawe 1 en 2 hierbo tydig te betaal dan is ek/ons in kontrakbreuk en sal die volle uitstaande bedrag onmiddellik opeisbaar en betaalbaar wees. Indien die kontrakbreuk nie binne 7 (sewe) dae reggestel word nie sal die Trust geregtig wees om:

3.2.1 regsaksie in te stel vir die verhaling van die agterstallige gelde in welke geval ek/ons verantwoordelik sal wees vir alle regskostes op 'n prokureur en kliënt skaal, sowel as invorderingskommissie hierin;

3.2.2 rente teen 2% (persent) per maand op die agterstallige bedrag te hef;

3.2.3 die Leerder toegang tot die skool en aktiwiteite te weier totdat die kontrakbreuk ten volle reggestel is; en

3.2.4 spesifieke nakoming te eis en/of voort te gaan met enige verdere regstappe wat nodig mag wees.

3.3 Ek/Ons stem verder toe, dat vir die doeleindes van enige regsaksie wat teen my/ons ingestel mag word, uit hoofde van my/ons verpligtinge in terme van hierdie ooreenkoms, 'n sertifikaat uitgereik, deur 'n behoorlik gemagtigde verteenwoordiger van die Trust, as genoegsame en voldoende bewys van die uitstaande bedrag sal dien, vir die doeleindes van summiere vonnis.

3.4 Vir die doeleindes van hierdie onderneming, enige kennisgewing of regsaksie teen my/ons ingestel en alle prosesstukke wat op my/ons beteken mag word, kies ek/ons hiermee my/ons adres soos uiteengesit in die aanhef van hierdie onderneming as my *domicilium citandi et executandi*.

3.5 Vir beslegting van enige geskil voortspruitend hieruit, stem die partye toe tot die jurisdiksie van die Landdroshof wat jurisdiksie het kragtens die bepalings van Artikel 28 en 45 van die Landdroswet nr. 32 van 1944, soos gewysig, nieteenstaande die feit dat sodanige aksie andersins buite jurisdiksie van sodanige hof mag val. Hierdie klousule sal geag word die vereistes skriftelike toestemming daar te stel om jurisdiksie aan die gemelde hof te verleen soos in genoemde Wet bepaal.

3.6 Geen ooreenkoms tussen die partye om hierdie kontrak te kanselleer, dit te verander of daaraan toe te voeg sal bindend wees en van krag wees tensy sodanige ooreenkoms op skrif gestel is en deur alle partye onderteken is nie.

GETEKEN TE ____________________ op hierdie ______ dag van _______________________ 2023.

| | |
|---|---|
| ___________________________________ | _________________________________________ |
| OUER/VOOG (1) HANDTEKENING | VOLLE NAAM |
| ___________________________________ | _________________________________________ |
| OUER/VOOG (2) HANDTEKENING | VOLLE NAAM |